

H O O F S T U K 10

ONDERWYSERS EN HULLE OPLEIDING IN TRANSVAAL:

1900 - 1910.

1. DIE INVOERING VAN ENGELSE ONDERWYSERS EN DIE BELEID
VAN VERENGELISING.

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het die Boere al hulle kragte in die stryd gewerp om vir die onafhanklikheid van hulle land te veg. Die skole is gesluit, die Departement van Onderwys het ontbind, die meeste van die lojaaalgesinde onderwysers het hulle vir oorlogsdienst aangemeld en die onderwys het tot 'n stilstand gekom.

Die Engelse het die weerstandvermoë van die Boere onderskat. Toe hulle besef dat die oorlog 'n paar jaar in stede van 'n paar maande sou duur, het die onderwys en opvoeding van die groeiende jeug 'n probleem geword. Duisende kinders is saam met vrouens in konsentrasiekampe geplaas en aan hierdie kinders moes onderwys gegee word.

Om hierdie belangrike taak uit te voer, is E.B. Sargant as waarnemende Direkteur van Onderwys benoem. Hy was 'n amptenaar van die Britse Staatsdienskommissie, wat in 1900 besig was om die Engelse kolonies te bereis om 'n rapport oor die onderwysmetodes in die verskillende gewestes op te stel. Hy was in Kanada toe hierdie aanstelling hom bereik het. Op 6 November 1900 het hy in ¹⁾Kaapstad geland.

Die uitvoering van die onderwysleerplan is belemmer deur die gebrek aan geskikte onderwysers. Daar was wel

/Hollandse

1) Biblioteek : Colonial Office. Downingstraat. No.10893.
Report of the Director of Education for
the period Nov., 1900, to Feb., 1904, 2.

Vgl. ook: British Museum: The Times, Friday, Dec. 27,
1901, 10. Col. 4a, 586.

Hollandse onderwysers in die kampe, maar omdat hulle as aartsvyande beskou is, wou die Engelse owerheid hulle nie in belangrike poste benoem nie. Daar is 'n aantal onderwysers van Pretoria na die kampe gestuur; 'n aantal het ook van die Kaap en Natal gekom, maar die meeste is uit die omgewing naaste aan die kampe geworf. Die onderwysers is voorlopig tydelik aangestel. Hulle moes 'n goeie kennis van Engels hê, want Hollands is slegs vir Godsdiens-¹⁾ onderwys toegelaat.

Terwyl Sargant sy hande vol gehad het om die onderwys in die kampskele te organiseer en om tydelike leerkragte te benoem om aan die dringendste behoeftes te voorsien, is J. Chamberlain versoek om die beleid van verengelsing in die twee Boere-Republieke toe te pas deur Engels as voertaal te gebruik in die onderwysstelsel wat ontwerp sal word

"as being in the best interests of the Dutch speaking Colonials and the only means by which they will be able to take their full share in the Government and development of South Africa, besides leading to that complete fusion of the two races in the future, which would afford the best guarantee for permanent peace and prosperity." 2)

Die beleid van verengelsing, waarteen die Suid-Afrikaanse Republiek veral gedurende die laaste jare voor die uitbreek van die oorlog so heftig gestry het, kon nou maklik deurgevoer word. Omstandighede was van so 'n aard dat selfs uit die Kaapkolonie 'n pleidooi aan die Britse regering daarvoor gerig is.³⁾ E.B. Sargant het ook nie

/op

1) Basson : Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 1836-1907, 294.

2) Public Record Offices. London, C.O. 291/28: Despatch 95 - 31st May, 1901. Lord Kitchener - Lord A. Milner. (Stuur 'n brief van D.J. Griffiths, Voorsitter van die East London Branch of the S.A. League, 24 April 1901, aan J. Chamberlain).

3) Public Record Offices. London C.O. 291/28. 31/5/190

op hom laat wag nie. Die tekort aan onderwysers het hom laat besluit om leerkragte uit Engeland in te voer. Maar, alhoewel onderwysers uit Engeland primêr ingevoer is om die tekort uit te wis, het Sargant 'n belangrike sekondêre oogmerk gehad. Hierdie strewe van hom kom duidelik uit in 'n skrywe van 14 Junie 1901 aan Lord Milner:

"We must appeal to England, and ask the sisters and daughters of those who have been fighting for the Empire to come out and complete that part of the work which their male relatives are unable to accomplish. Our military policy has gathered the greater part of the child population into these camps, and, as you will see from my report, I feel that the opportunity during the next year of getting them all to speak English is golden. What we want out here at present are women, thoroughly good teachers and of patriotic mind... in order that they might teach the children of the burghers our language and our ideals... But I have great hopes that many of these teachers who undertook special service would stay to go on with the work of Education in the Colony, or even to marry and become the mothers of children who would be taught to understand the greatness of the English Imperial Idea." 1)

Sargant kon die invloed van die onderwyser in die proses om die Afrikaners te verengels, nie genoeg beklemtoon nie. In 'n ander brief benadruk hy weer eens die saak:

"One of my principal aims is to secure the services of men winning over the young generation of Dutch Afrikaners to English ways of thought and speech, and English ideas of truthfulness and loyalty." 2)

Terwyl Sargant op die hulp van Engeland gewag het, het die werk in die kampskole voortgegaan. Die inspekteurs van die kampskole het opdrag ontvang om die werk na te gaan en verslag daaroor te lewer. Dr. Kendal Francks,

/een

-
- 1) Basson : Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 1836-1907, 295.
 - 2) Otto : Die konsentrasiekampe gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1900, 276.

een van die inspekteurs, se bevinding was dat die skole waar 'n Brit aan die hoof gestaan het, bevredigende resultate gelewer het. Waar 'n Hollander aan die hoof was, was dit nie die geval nie. Sy aanbeveling hieroor was as volg:

"Considering the enormous influence upon the future of S.A. which the Education of the rising generation will exercise politically as well as intellectually, I think it would be advisable that the headmaster in all the schools in the burgher camps should be a loyal Britisher, and, if possible, at least half of his assistants should be the same." 1)

Sargant het 'n beroep op die Engelse regering gedoen om 12 Britse hoofde uit te stuur om Hollandse hoofde te vervang. Hy is genoodsaak om Afrikaanse hoofde te gebruik, maar

"however carefully these men may be watched by my organising inspectors, I cannot feel certain that they are imparting the right tone to the scholars under their charge.

I am much hampered in my work through having as instruments in education persons of whose loyalty I am not fully persuaded. In many cases Dutch teachers who would gladly see the English power overthrown are working in the schools with a single eye to the actual advancement of their pupils in the ordinary subjects of instruction. All such help as this I gladly welcome, but there are other teachers who are suspected of taking advantage of their position to inculcate resistance to the established authority. Whenever it is known that children are thus being misled the teacher is dismissed at once." 2)

Sargant was so behep met die idee om Engelse onderwysers en onderwyseresse na die Transvaal in te voer om daardeur te sorg dat die onderwys verengels word dat hy spesiale voorsorgmaatreëls getref het om te verseker dat die regte tipe gestuur word. Deur Lord A. Milner het hy sy broer, W.L. Sargant, in Engeland laat aanstel om

/kandidate

1) Basson : Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 1836-1907, 295.

2) Col.Secr. To Transvaal Adm. 5445 - 15 Okt. 1901.

kandidate te keur. W.L. Sargant was 'n onderwyser te Fetteskollege, Edinburgh, en het sy opleiding aan die Rugbyskool en Trinitykollege, Cambridge, ontvang. Hy¹⁾ moes kandidate deur 'n persoonlike onderhoud uitsoek. Hierna moes hulle medies ondersoek word en, indien hulle aan die vereistes voldoen, is hulle geskik geag om na die Transvaal gestuur te word.

Persoonlike skrywes van E.B. Sargant aan sy broer kon nie opgespoor word nie. W.L. Sargant het ongetwyfeld baie duidelike instruksies betreffende die keuring van die onderwyseresse ontvang, want die persoonlike voorkoms was van groot belang. Daar is gehoop dat hierdie jong dames hulle deeltjie sou bydra om die werk van die jong soldate verder te voltooi. Hulle is doelbewus aangemoedig om met die jong Boere in die huwelik te tree. Die kinders uit sulke huwelike sou die Engelse taal en tradisie laat voortleef, want aan die moeder se knie word die taal van die volk geleer.

W.L. Sargant het aan 'n vriend van hom geskryf dat die besondere werk wat hy moes doen, onder andere die volgende was: besoeke aflê aan verskillende skole om applikante vir uitsending na die Transvaal te ondersoek en verslag oor hulle uit te bring.

Hy moes 'n poging aanwend om geskikte kindertuin-onderwyseresse te werf. Dan moes hy ook die nodige reëlings tref om 'n geskikte geskiedenisleerboek vir die skole te skryf om die geskiedenisboeke wat in die Boer-skole in gebruik is, te vervang.²⁾ Hierin sien ons hoe gretig die nuwe Direkteur van Onderwys was om met rasse

/skrede

1) Public Record Offices. London: C.O. 291/36:
10 Junie 1901. Brief van E.B. Sargant aan Lord
A. Milner.

2) Public Record Offices. London: C.O. 291/36.
W.L. Sargant- H.W. Just. Quarry Hill, Reigate,
June 26, 1901.

skrede alle skole en onderwysers te probeer verengels.

Die Board of Education het die versoek van E.B. Sargant om pogings aan te wend om onderwyseresse te werf om na die konsentrasiekampe te gaan, in die koerante en skoolblaaie bekend gemaak.¹⁾

Die onderwyseresse sou deur die administrasie van Transvaal en die Oranje-Rivierkolonie in diens geneem word. Voorkeur sou gegee word aan kindertuinonderwyseresse. Daar was honderd onderwyseresse benodig. Hulle moes in groepe van 25 na Suid-Afrika gaan.

„The candidates must be of good phisique”²⁾
en moes vir 'n periode van een jaar gaan. Diegene wat verkies om langer te bly, sou permanente aanstellings ontvang. Die diensvoorwaardes en salarisse, sowel as die keuring van kandidate, word volledig beskryf.³⁾

Applikante kon deur plaaslike geneeshere ondersoek word. Indien hulle gekeur word, moes hulle eers ingeënt word. Om seker te maak dat hulle hulle aandeel sou neem aan die groot taak van die verengelsing van die bevolking, moes hulle bewys lewer dat hulle nie na die kampskole gaan omdat hulle met die krygsgevangenes se vrouens en kinders simpatiseer nie. Op die volgende vrae wat vooraf aan hulle gestel is, moes hulle bevestigend antwoord:

/.Are

1) British Museum: Newspaper Library: The Times, Wednesday, November 6, 1901, 8, Column 1.

2) British Museum: Teachers for Refugee Camps. Art. in: The Times, 6 Nov. 1901.

Hierdie paragraaf verwys na Sargant se oproep dat sterk, goedgeboude dames gekeur word met die oog op huwelike met die jong Boere.

3) British Museum: The Times, 6 Nov. 1901.
Vgl. ook: The School Mistress, Nov. 7, 1901
The School Board Gazette. Vol. vi, July - Dec., 1901. 477-478.

- i) "Are you in sympathy with the intention of the Government to make the Orange River and Transvaal Colonies part of the British Dominions?
- ii) If appointed as a teacher in a Refuge camp, will you use your best endeavours, in all the relations of life, to reconcile all the Boer men, women and children, with whom you may be brought in contact, to their new position as citizens of the Brith Empire?" 1)

Die Engelse owerhede wou seker maak dat die Britse invloed in die Transvaal bestendig moes word en het dus nie halfhartigheid of doelloosheid geduld nie. E.B. Sargant is gou op die vingers getik omdat hy, terwyl hy pogings aangewend het om onderwysers uit Engeland te kry, die indruk verwek het dat hy die onderwysstelsel van Nieu-Brunswick, Kanada, in die Transvaal wou invoer. Die Engelse owerheid het hom versoek om 'n verduideliking te verskaf. Sy antwoord was dat die veronderstelling op 'n misverstand berus het. Daar is wel 'n brief aan die Superintendent-Generaal ²⁾ van Onderwys in Kanada geskryf oor die moontlikheid om onderwysers van Kanada na Transvaal te werf. Planne is reeds ontwerp om 'n eie opleidingskollege vir onderwysers in die lewe te roep en hy het as volg daaroor aan dr. J.R. Inch geskryf:

"At Pretoria there is a fine Staatsmodel School as well as a Staats Gymnasium and a Staats Meisjes School. In thinking over various ways of beginning work in the Normal School I have come to the conclusion that none would be more satisfactorily than to ask for the temporary assistance of experienced teachers from a country which in many ways might provide a model for the new educational system to be introduced here. New Brunswick is such a country, and there are three of your staff whose work I particularly admired, namely Mr. Mullin, Principal of the Normal School, Miss C.E. Bridges and dr. H.S. Bridges. There was also a Miss Nicholson in the York Street

/School

1) Public Record Offices. London: C.O. 291/29.
Despatch. 12 Nov. 1901.
Vgl. ook: British Museum: The School Board
Chronicle. Nov. 16, 1901, 485-486.

2) Dr. J.R. Inch: The Schoolmaster. 16th Nov. 1901, 818.

School whose method of handling children attracted my attention.

I should like to sound you as to the possibility of the first three and Miss Paterson or any teacher whom Miss Bridges preferred to her, coming to S.A. for a years work, and putting the Normal School on to the right lines. To spare them, would, I know, put a strain on your arrangements; all I can say that just as in the war we needed the best soldiers we could find, so now England and her colonies will have to provide the best civil administrators." 1)

Hierdie stap van E.B. Sargant het die regte uitwerking gehad en Lord A. Milner het gou ingesien dat dit 'n goeie plan sou wees om ook onderwyseresse uit die Britse Kolonies na Suid-Afrika te werf. Hierdie persone het reeds die Britse imperialistiese idees in die kolonies bestendig en kon as nuttige instrumente in die Transvaal gebruik word. Die skoolbevolking in die konsentrasiekampe het aansienlik toegeneem sodat Sargant verplig was om nou 300 in plaas van die oorspronklike 100 uit Engeland aan te vra. Engeland moes vir 200, en Kanada, Australië en Nieu-Seeland gesamentlik vir 100 sorg. 2)

Die Britse regering het dadelik op die versoek van Sargant gereageer en 'n skrywe aan die Britse Kolonies gestuur waarin die erns van die saak onder hulle aandag gebring en hulp gevra is. Kanada en Australië moes elk vir veertig onderwysers en Nieu-Seeland vir twintig verantwoordelikheid aanvaar. 3)

Die werwingsveldtog het intussen in Engeland gevord-
/der

1) Public Record Offices. London. C.O. 291/28
Despatch 158. 19 Julie, 1901.

2) Public Record Offices, London. Telegram 576
16 Des. 1901. No. 44350/1901.
Lord Milner - J. Chamberlain.

3) Public Record Offices. London. Brief van
Downingstraat aan Dominions, 18 Januarie 1902.

der en die eerste groep onderwyseresse ¹⁾, vyftig in getal, het op 25 Januarie 1902 in die Jerusalemkamer van die Westminster- Abdy vergader. Hulle is deur die aartsbiskop en mev. Wilberforce uitgenooi en in die teenwoordigheid van hoogwaardigheidsbekleërs, adellikes soos prinses Louise en die hertog van Argyll, is daar van hulle afskeid geneem. Afskeidswoorde is deur die Britse Eerste Minister, J. Chamberlain, tot hulle gerig. Die verantwoordelike taak wat op hulle skouers gerus het om in die nuwe Britse kolonies al hulle kragte in te span om die Engelse gedagte te laat posvat, is sterk beklemtoon.

He said they were leaving England to take up an important and responsible duty. Our soldiers had done their part well; the civil administrators had its task before it, and from education much was expected. He said that both sides had behaved with humanity throughout the war, and that there was no ground for any bitter feeling between the

/races

- 1) Public Record Offices. London, C.O. 291/34.
21 Nov. 1901. Skotse Onderwysdepartement - J. Chamberlain.
Die volgende lys van Skotse onderwyseresse is gestuur:
- Mej. Mary Mackenzie - Ancrum Rd. Public School, Dundee.
 - Mej. Lizzie Smith - 10, Bell Street, St. Andrew's.
 - Mej. E. Comrie - 10, Glasgow Street, Hillhead, Glasgow.
 - Mej. Margaret B.H. Macgregor - 21, Leopold Place, Edinburgh.
 - Mej. A.K. Forbes - 27, Grey Street, Aberdeen.
 - Mej. Margaret Mackay - Seafield Street, Cullen.
 - Mej. Petrena Brown - 80, Bath Street, Glasgow.
 - Mej. Margaret F. Blair - Schoolhouse, Glasgow.
 - Mej. K.R. Hepburn - Forthbank, Kinghorn, Fife.
 - Mej. M.S. Hepburn - Forthbank, Kinghorn, Fife.
 - Mej. Jane R. Kinnoch - 67, Ure Street, Dundee.
 - Mej. Bella Fraser - Wallace Hall Academy, Thornhill, Dumfriesshire.
 - Mej. Mary Paulin, 21 Nelson Street, Edinburgh.
 - Mej. Barbara Paulin, - 21, Nelson Street, Edinburgh.
 - Mej. Maggie Johnston - The Academy, Kirkcudbright.
 - Mej. G.S. Campbell - 68, Roxburgh Street, Kelso.
 - Mej. J.J. Maclean - 56, Argyll Street, Inverness.
 - Mej. Janet D. Weir - 13, Stanley Street, Glasgow.
 - Mev. Agnes Lennox, 11, Park Drive, Whiteinch, Glasgow.
 - Mej. J.B. Crawford - The Cottage, Cathcart.
 - Mej. A.B. Wilson-Cuthbert Cottage, Bright Street, Aberdeen.
 - Mej. A. Michie - 162, Skene Street, Aberdeen.
 - Mej. Wilhelmina Morris Kerr - 70, Marchmont Crescent, Edinburgh.
 - Mej. L. Thorburn - The Limes, Brith.

racés. It would be for the teachers to promote a good understanding, and they would find that both parents and children would welcome their efforts. The teachers should regard themselves as part of a machinery the purpose of which was to bring about unity and prosperity; they were enrolled amongst the builders of an Empire, not only most powerful but also most beneficent." 1)

'n Paar van die ander gaste het woorde van vaarwel gerig en ten slotte het die aktrise Clara Butt vir hulle „Kathleen Mavourneen" en „Auld Lang Syne" toegesing. Elkeen van die dames het 'n boek as aandenking van die her-²⁾ togin van Bedford ontvang.

Die volgende môre het die onderwyseresse na Southampton vertrek. Die eerste groep het dieselfde agtermiddag met die Briton Castle en die res die volgende môre met die Avondale Castle na hulle nuwe tuiste ge-³⁾ vaar.

„to go on with the work of Education in the Colony, or even to marry and become the mothers of the children who would be taught to understand the greatness of the English Imperial Idea." 4)

Gedurende die volgende paar maande het baie ander leerkragte hulle beskikbaar gestel sodat daar tweehon-⁵⁾ derd, (veertig uit Kanada, veertig uit Australië en twintig uit Nieu-Seeland) hulle aangemeld het.

Die onderwysers wat ingevoer is, het by hulle aankoms in die kampskole nie 'n gemaklike taak gehad om te vervul nie.

/.These

-
- 1) British Museum : The School Board Chronicle.
Jan. 25, 1902.
 - 2) British Museum: The School Board Chronicle.
Jan. 25, 1902.
 - 3) British Museum : January 30, 1902, 280.
 - 4) Biblioteek : Colonial Office. Downing Street.
No. 10893.
 - 5) Otto : Die Konsentrasiekampe gedurende die Anglo-Boeroorlog, 1899-1900, 278-280.

"These teachers had come from England, Canada and Australia, in gallant response to an appeal. But they had to face a Dutch public, hostile to teachers who could not speak their language. In the end failure had to be recognised." 1)

Die getal onderwysers wat ingevoer is, was ook glad nie toereikend nie. Die dameskomitee het ook op die te kort aan onderwysers gewys en het versoek dat daar meer van oorsee ingevoer moes word, maar dit het nie so maklik gegaan om die onderwysers te werf nie. Die manlike onderwysers was nie bereid om vir die bestaande salaris na Suid-Afrika te kom nie.

Met die vrede van Vereeniging was daar meer as 17,000 kinders in die Transvaalse en Natalse konsentrasiekampe en was daar meer as 200 ingevoerde onderwysers in die kampskole werksaam.²⁾

Die toevoer uit Engeland het nog geleidelik voortgeduur en die anglisasiegevaar was gedurende hierdie periode groter as voorheen,

"juis omdat die toestande daarvoor so gunstig was en die hele diaboliese bedryf so pragtig gecamoufleer kon word onder die voorgewende dekmantel van

"a genuine desire to benefit the unfortunate victims of the war". 3)

Die plaaslike onderwysers was ook ontevrede met die ingevoerde onderwysers. Ingevoerdes was in die meeste gevalle goedgekwalifiseerde universiteitstudiante wat nie veel ondervinding en mensekennis besit het nie. Die salarisse was ook buite verhouding, sodat hierdie ingevoerde leerkragte hoër salarisse as plaaslike onderwysers

/ontvang

1) Headlam. The Milner Papers 11,278.

2) Report of the Director of Education 1900-1904, 19. Daar was 'n jaar na die Vrede van Vereeniging 992 onderwysers waarvan 600 uit die ander Britse state van S.A. afkomstig was - 356 is ingevoer en 36 plaaslik opgelei.

3) Pienaar : Die Triomf van Afrikaans, 225.

ontvang het. 'n Groot tekort aan onderwysers het ontstaan na die Vrede van Vereeniging gesluit is en die duisende kinders uit die kampskele na die plaas en dorpe teruggegaan het om daar onderwys te ontvang.

2. DIE OPRIGTING VAN NORMAALSKOLE IN TRANSVAAL.

E.B. Sargant het vir die eerste keer op 31 Desember 1901 sy idee om opleidingsinrigtings in die Transvaal te stig, laat deurskemer in 'n skrywe aan die Afrikaanse en Engelse onderwysers en onderwyseresse wat in die kampskele werkzaam was. Hy het aan hulle meegedeel dat daar binnekort 'n aantal deeglik opgeleide onderwysers uit Engeland sou aankom om in die kampskele onderwys te gee. Hy het die leerkragte gerusgestel dat sy doel nie was om hulle te vervang nie, maar dat die invoering slegs 'n tydelike maatreël is om die tekort die hoof te bied. Verder skryf hy:

"But there is one class of teachers for whom it is my desire to find substitutes. That is the class of very young teachers who show considerable promise of future power. Training colleges are being made ready in which they may learn more of their profession than they can do in the rough and tumble of a camp school. Through these training colleges I trust that we may prepare a generation of South African teacher fit to hold their own against any in the British Isles, or in other colonies, and when this is done there will be no need to apply to other sources for a supply of teachers for our schools." 1)

Die groot onderwyskonferensie wat Sargant in Johannesburg vanaf 1 Julie tot 10 Julie 1902 gehou het, was 'n verdere gebeurtenis wat met die stigting van die kollege in Pretoria verband gehad het. Sargant se toespraak oor die opleiding van onderwysers by die opening van die vergadering is van besondere belang. Hy het die oprigting

/van

1) Die Pretoriase Normaalkollege. 'n Terugblik oor die Eerste Vyftig Jaar, 16.

van normaalskole sterk voorgestaan en het die hoop uitgespreek dat die inrigtings voldoende onderwysers vir die toekoms sou oplei. Die normaalskole moes nie net as opleidingsinrigtings beskou word nie, maar moes ook dien as plekke van samekoms van onderwysers wat na 'n paar jaar diens weer die professionele kennis wil opknap. Sargant was 'n idealistiese opvoeder soos duidelik blyk uit sy gedagtes oor die verskillende tipes sertifikate wat uitgereik sou word.

"I look forward to three classes of certificates: the first to be gained by those who have passed a literary standard equivalent to matriculation at one of the recognised universities, and who have subsequently spent a year in the normal school; the second certificate to be accorded to those who attain the rank of Bachelor of Arts and who afterwards spend a second year in the normal school for further professional training; the third class of certificate to be bestowed on only a few of those who have obtained the certificate of the second order. The qualification in this case should be the writing of a thesis of approved merit on some education subject. Each grade of certificate should carry with it certain privileges sufficient to induce teachers to strive for it. The certificate of lowest grade should be the qualification to practise as an assistant teacher in a Government school. The certificate of the second grade should carry with it the right to be head master or head mistress, and the third grade should be required of those who are eligible to become inspectors and heads of district schools". 1)

Uit hierdie toespraak van Sargant lei ons af dat die algemene beleid en die organisatoriese aspek insake onderwysersopleiding reeds ver gevorder het. Van owerheidsweë was daar op hierdie tydstip nog egter niks vooraf bekend gemaak nie.

Dr. C.K. Oberholzer dui aan dat die volgende afleidings reeds gemaak kon word:

/"dat

- 1) Oberholzer : Die Pretoriase Normaalkollege. 'n Terugblik oor Vyftig jaar, 18.
Aangehaal uit: The Star, Woensdag, 2 Julie 1902.

- i) „dat wat die Transvaal betref, daar reeds amptelik besluit moes gewees het tot die oprigting van Normaalskole te Pretoria en Johannesburg;
- ii) dat opleiding vir die onderwysberoep as absoluut essensieel vir die suksesvolle en verantwoordbare beoefening daarvan beskou is;
- iii) dat die aard van die deelname van die mens aan die ryk van die geestelike kultuur in 'n buitengewone mate van opvoeding en onderwys afhanklik is;
- iv) dat opleiding homself telkens moet vernuwe, m.a.w. dat die praktyk met die oog op sy verbetering telkens in die lig van nuwe beskouinge aangaande mens en lewe hersien moet word;
- v) dat die gehalte en duur van die opleiding die status en promosiegeleenthede in die diens sal bepaal;
- vi) dat die reg tot opleiding vir die beroep op demokratiese grondslag moet berus, d.w.s. gelyke kanse vir almal, met inagneming van die peil van kulturele ontwikkeling, gunstige persoonlikheidstrekke en beloftes vir die toekoms;
- vii) dat die opleiding met die oog op die uiters belangrike rol wat deur opvoeding en onderwys gespeel word, 'n saak vir die landowerheid is; dat laasgenoemde dus die geriewe moet daarstel en dat die owerheid ook daardeur die geleentheid verkry om strengere kontrole oor toelating tot opleiding en indiensneming te kan uitoefen;
- viii) dat die land selfversorgend in die behoeftes van die diens behoort te wees, d.w.s. opvoeding en onderrig van die volk deur lede van die volk." 1)

a) DIE PRETORIASE NORMAALKOLLEGE.

Nadat die onderwyskonferensie op 10 Julie 1902 ten einde geloop het, het die onderwysers na die kamp- en ander skole teruggekeer. Die ontbinding van die kampskole het geleidelik plaasgevind. Met die aangroei van die getalle moes daar nog van ingevoerde onderwysers gebruik gemaak word, maar die behoefte om eie leerkragte op te lei, het steeds groter en sterker geword. H.S. Scott

/wat

- 1) Oberholzer : Die Pretoriase Normaalkollege. 'n Terugblik oor die Eerste Vyftig Jaar, 19-20.

wat as sekretaris van die Johannesburgse konferensie opgetree het, het opdrag ontvang om met die organisasie van onderwysersopleiding te begin. Grond vir die doel om 'n normaalskool op te rig, is reeds op 10 Julie 1902 goedgekeur. Agt erwe is in Sunnyside, Pretoria, van 'n sekere¹⁾ Burke vir £1,800 aangekoop.

Op 13 Augustus 1902 is Goewernementskennisgewing No. 396 van 1902 gepubliseer. Dit is 'n baie belangrike dokument wat oor die opleiding van onderwysers en onderwyseresse handel. Aangesien Sargant se Johannesburgse toespraak met hierdie regulasies klop, kan met veiligheid aangeneem word dat hy vir die opstel van die regulasies verantwoordelik was.

Vir die opleiding van onderwysers in Transvaal is hierdie dokument van groot belang. Dit behels 21 artikels en vorm die basis vir toekomstige opleiding soos duidelik uit die eerste elf artikels afgelei kan word:

- a) "The Director of Education and the Assistant Director of Education shall be Rectors of the Government Normal Schools of the Transvaal.
- b) The regular entrance examination to the Normal Schools and the leaving examination for High Schools shall be the Matriculation Examination of the University of the Cape of Good Hope (first or second class), or any examination which may be recognised by the Government of the Transvaal as equivalent thereto. The regular age of admission to the Normal Schools shall be 17 years, but for the present older students may be admitted at the discretion of the Director of Education. For the present, and in consideration of the interruption of studies owing to the war, students may be admitted on the recommendation of Inspectors and on an oral examination conducted by the Officers of the Normal School.
- c) The course of studies at the Normal Schools for Certificates of the Third Class shall extend over one Normal School year.

/The

1) P.W.D.C.S. No. 14446, 8 November 1902.

- d) The subjects of study during the Normal School year shall be wholly professional.
- e) Practice in methods of teaching and School Management shall occupy at least one-third of the Normal School year.
- f) There shall be a practising school specially attached to each Normal School but all other Government schools, elementary and secondary, shall be available, as far as may be, for the practice of the Normal School Students.
- g) At the end of the year of study at the Normal School for the Third Class Certificate, diplomas shall be granted to those students whose work both in the Theory and practice of Education is reported as satisfactory.
- h) All holders of diplomas as above mentioned shall be qualified to act as Assistant Teachers in public elementary schools, and also as clerks of the third grade in the Education Department. Other Assistant Teachers and Third Class Clerks in the Education Department shall be appointed only on the grounds of special merit and with the express approval of the Director of Education.
- i) Any student who shall be reported at any time during the year as lacking the personal or professional qualifications may on the express authority of the Director of Education be required to withdraw from the school.
- j) All candidates for admission to a Normal School shall furnish on the prescribed form the evidence of age, health and character and shall submit the necessary certificate of scholastic attainment.
- k) The course of instruction in the Normal School for Third Class Certificates shall for the present include some or all of the following subjects:
 - i) The General Theory of Methods of Instruction.
 - ii) Detailed methods for the various subjects of instruction including the arranging of courses of lessons and writing notes on single lessons.
 - iii) The Theory of School and Class Management, i.e. School Organisation and School Discipline.
 - iv) Illustration, Observation and Practice under supervision in the schools appointed for this purpose, followed by criticism of lessons given by students.
 - v) Studies in the history of education, principally in connection with the chief educational reformers.

/Comparative

vi), Comparative Study of the System of Public Education of the Transvaal and Orange River Colony with those of Cape Colony and Natal and of one European country." 1)

Inspekteurs van onderwys het opdrag ontvang om geskikte kandidate vir opleiding aan te beveel. Die reaksie van die distriksinspekteurs moes vinnig gewees het, want op 28 Augustus 1902 het die Direkteur van Onderwys reeds 32 dames en 2 here aanbeveel vir beurse van £30 elk wat vir ses maande aan die Pretoriase Normaalkollege geldig sou wees.²⁾

By aanbeveling vir toelating moes die inspekteurs veral op bevoegdheid in Engels en Rekenen let. 'n Groot persentasie van hierdie eerste groep studente was onopgeleide kampskoolonderwyseresse, omdat die inspekteurs van onderwys reeds voorheen met hulle kennis gemaak het.

Gedurende 1902 is daar 19 dames toegelaat waarvan slegs die name van 10 van die voornoemdes voorkom. Een van hierdie groep dames het haar eers in 1903 vir toelating aangemeld.³⁾ Die eerste dame het op 2 September 1902 haar opwagting op die terrein gemaak en hierdie datum kan dan as die amptelike stigtingsdatum van die Pretoriase

/Normaalkollege ...

1) Oberholzer : Die Pretoriase Normaalkollege. Terugblik oor die Eerste Vyftig Jaar, 23-24.

2) Hulle was die volgende:-

Mej. A.E.J. van Wyk	Mej. A.M.S. Knobel	Mej. A.M. Viljoen
" M.E. Bosman	" M. Pretorius	" H. Vogelzang
" S.J. Keet	" N. Pretorius	" W. Borrius
" M. O'Connor	" L. Reid	" P.M. Erasmus
" M. Powell	" C.A. Schultz	" M. Truscott
" K. Cronje	" C. Malherbe	" S.E. Hutchinson
" A. Smit	" J. du Toit	" J. Snyman
" E. Lombard	" E. du Preez	" A. Maartens
" M.L. Lombard	" V. Harries	" E. Ross
" C. Dippenaar	" A. Knobel	" M. Ross
" C. Verster	" O. Nordin	Mnr. J.H. le Roux
		" F.C. Wahl

3) Oberholzer : Die Pretoriase Normaalkollege. Terugblik oor die Eerste Vyftig Jaar, 55.

1)
Normaalkollege aanvaar word.

H.S. Scott is as organiserende hoof aangestel. Hy het die inrigting geopen, die voorbereidende werk gedoen en tot November 1902 aangebly, toe hy deur J.E. Adamson as permanente hoof vervang is.²⁾

John E. Adamson is op 11 Januarie 1867 in Wakefield, in die weste van Yorkshire, Engeland, gebore. Sy laerskoolopleiding het hy in Wakefield se laerskool van St. Michaels, Hoburgweg, begin. Na voltooiing van sy laerskoolloopbaan het hy hom as leerlingonderwyser laat inskryf. Hy het sy Queens Scholarshipeksamen voltooi en toe student aan die St. Marks'-Opleidingskollege, Chelsea, Londen, geword. Na sy onderwyserseksamen hier afgelê is, het hy op uitnodiging na die opleidingskollege van Suid-Wallis, Carmenthem, gegaan waar hy hom op die studie van Engels, Letterkunde, elementêre Sterrekunde, Musiek en koorsang toegelê het. Nadat hy vier jaar op die personeel was, is hy as professor in Opvoedkunde, destyds Master of Methods, aangestel. In 1901 lê hy deur privaatstudie die M.A.-graad in Filosofie af. Terwyl hy nog hier werksaam was, is hy deur sir Michael Sadler uitgekies om na Suid-Afrika te kom om met die onderwysersprobleme in die nuutverowerde gebiede behulpsaam te wees.³⁾

Voordat Adamson die hoofskap van die Pretoriase Normaalkollege aanvaar het, is dr. E. Mullin, hoof van die opleidingsinrigting in Frederickton, New Brunswick, Kanada, permanent aangestel in Pretoria. Sargant se ver-
toë tot die Superintendent-Generaal van Onderwys in

/Kanada

1) Later Sir John E. Adamson.

2) Van Rooyen : Sir John Ernest Adamson, 1-4.

3) Van Rooyen : Sir John Ernest Adamson as Opvoedkundige, 1-4.

Kanada, dr. J.R. Inch, en sy versoek om dr. Mullin na die Transvaal te stuur om die opleiding van onderwysers in die regte rigting te stuur, het dus vrugte afgewerp. Mullin het egter nie aan die Pretoriase Normaalkollege diens aanvaar nie, maar is na die Johannesburgse Normaalkollege¹⁾ gestuur.

Die personeel van die Pretoriase Normaalkollege het uit die volgende bestaan:

H.S. Scott, organiserende hoof, wat lesings in Elementêre Wiskunde en Metodiek gegee het;

Dr. H. Breyer, 'n Hollandse onderwyser, wat Plantkunde, Wiskunde, Skeikunde en Dierkunde gedoseer het. Hierdie dosent se werk is bemoeilik deur sy gebrekkige kennis van Engels.

Mej. M.E. Burton was in bevel van die inwonende studente; sy is ook vir lesings in Metodiek verantwoordelik gemaak.

Mej. Acutt was vir Engelse Letterkunde en Frans verantwoordelik.

Here W. Falcon en C.P. Hill was personeellede van die Boys' High School, maar was met die dosering van Klassieke en Wiskunde behulpsaam.

Mej. E.M. Hanten was vir een les per week in Naaldwerk verantwoordelik.

P.W. McCowley was die instrukteur in Drill en moes verder aan verskeie goewernementskole in Pretoria in hierdie vak onderrig gee. 2)

b) DIE JOHANNESBURGSE NORMAALKOLLEGE:

Intussen is daar op 15 Oktober 1902 onder leiding van dr. E. Mullin 'n normaalkollege in Johannesburg geopen. Die eerste jaar was die studentetal maar min en die normaalkollege het die jaar met 12 dames en 2 man-studente afgesluit. Omdat al die studente in of naby Johannesburg gewoon het, was dit nie nodig om koshuise in te rig nie. Die kollege was op Von Brandisplein in

/twee

1) Oberholzer : Die Pretoriase Normaalkollege. Terugblik oor die Eerste Vyftig Jaar, 31.

2) Normaalkollege Argief. Oorspronklike brief in die handskrif van H.S. Scott, Nov. 14, 1902.

twee kamers van 'n gebou gehuisves. In 1903, by die opening, was daar 45 studente wat klasse bygewoon het. Studente wat die kollege nie daaglik kon bereik nie, is in 'n koshuis in Highfieldterrace onder toesig van een van die personeellede, mej. Wilden, geplaas.¹⁾

Die hoof, dr. E. Mullin, het op 12 Februarie 1903 aan ingewandskoors beswyk. Die werksaamhede van die kollege is voorlopig voortgesit en die hoof van die Pretoriase Normaalkollege het een keer per week na Johannesburg gegaan om besoek af te lê en sake te administreer en te organiseer. Op 9 Maart 1903 is die inrigting²⁾ gesluit en 'n veertigtal studente, 36 dames en vier mans, is na Pretoria oorgeplaas nadat die outoriteite besluit het om die twee te amalgameer. Na hierdie vereniging het die Pretoriase inrigting as die Transvaalse Normaalkollege bekend geword en dit gebly tot dat die Heidelbergse opleidingskollege in 1909 tot stand gekom het.

3. BRITSE INVLOED OP DIE OPLEIDINGSTELSEL:

Die Direkteur van Onderwys kon in sy pogings om onderwysers op te lei natuurlik die maklikste weg ingeslaan het deur die kwekelingstelsel in te voer.³⁾ Sargant was egter teen die stelsel gekant omdat dit verouderd was en reeds nadelig op die Britse opleidingstelsel ingewerk het. Self verskaf hy die volgende

/antwoord

- 1) Venter : Die groei van Onderwysaangeleenthede in Johannesburg. 1886 - 1920, 470.
Kyk ook : Normaalkollege Argief. Pretoria. Report for period extending from its institution to Dec. 31st, 1903.
- 2) Log Book. Normal College, Pretoria. Brief history of the Normal College, 1.
- 3) Dr. Schutte beweer op bl. 66 van sy proefskrif dat Sargant nie van die metode gebruik wou maak nie, omdat hy nie genoeg onderwysers gehad het om so 'n stelsel in te voer nie. Dit is onjuis, want Sargant gee ander redes daarvoor.

getal opleidingskolleges op te merk. Na 1870 het nie-sektariese kolleges ontstaan. Dagkolleges is geopen. Hulle het oor geen koshuisgeriewe beskik nie. Uit hierdie dagkolleges het die universiteitsdepartemente vir die opleiding van onderwysers ontstaan. Naas opleiding van laerskoolonderwysers het hierdie inrigtings ook opleiding aan middelbare skoolonderwysers verskaf.

Onderwysersopleiding het egter nie spesiale aandag geniet nie. Die vooruitgang en vordering was maar langsam. Die taak van die opleidingsinrigtings was om jaarliks 'n aantal onderwysers op te lei en daarmee was die taak en verantwoordelikheid dan ook afgehandel.

Eers na die staking van vyandelikhede na die Tweede Wêreldoorlog is die saak met beslistheid en entoesiasme aangepak. Die 1944-Onderwyswet met al sy implikasies, die verhoging van die skoolverlatingsouderdom, die geweldige tekort aan behoorlike gekwalifiseerde onderwysers, die groter getalle leerlinge wat nou onderwys moes ontvang, omdat onderwys nou die verantwoordelikheid van die staat geword het en aan almal verskaf moes word, het as gevolg gehad dat onderwysersopleiding sterk na vore gekom het. Eers is onderwys en opvoeding as 'n voorreg van die rykes beskou en is daar vir hulle voorsiening gemaak, terwyl die onderwys van die armes en minder gegoedes skroomlik verwaarloos is.

Die McNair Commission het na 'n deurtastende ondersoek onderwysersopleiding as een van die belangrikste na-oorlogse probleme onder die aandag van die owerheid gebring. Die veranderinge wat deur die aanbevelings in werking gestel is, is ingrypend van aard. Om 'n deeglike insig in die wese van die Engelse onderwysersopleidingstelsel te kry, is dit nodig om 'n samevatting daarvan volgens bepaalde beginsels van onderwysersopleiding te gee.

2. BEGINSELS VAN ONDERWYSERSOPLEIDING.

(a) DIE VERHOUDING UNIVERSITEIT-OPLEIDINGSKOLLEGE.

/Die

Die bepaling dat die Direkteur en Assistent-Direkteur van Onderwys rektors van die normaalkolleges sou wees, is ook direk deur die Engelse stelsel beïnvloed. In Skotland is dit die gebruik dat die professor van Opvoedkunde aan die universiteit gelyktydig hoof is van die opleidingsentrum. Aangesien daar op hierdie tydstip nog nie universiteite in die Transvaal was nie en die Direkteur van Onderwys as die hoogste opvoedkundige outoriteit erken is, is dit te verstane dat aan hom die status van rektor van die normaalkollege gegee is.

Die metode van skoolpraktyk wat in Engeland in gebruik was, is ook letterlik hier toegepas. Aan die opleidingsinrigting moes 'n oefenskool verbonde wees en verder sou studente in die verskillende laer- en middelbare skole toegelaat word om proefonderwys uit te voer. Dosente moes die studente gedurende die proefonderwys gaan besoek, hulle kritieklesse aanhoor en hulle van raad bedien.

Netsoos in Engeland sou kandidate wat gedurende die studiekursus belangstelling verloor of as ongeskik vir die professie geoordeel word, versoek word om hulle onmiddellik aan die kursus te onttrek.

Die volgende is 'n letterlike oornome uit die Engelse stel: Elke student moet die nodige applikasievorms invul en bewys van ouderdom, gesondheidstoestand en karakter lewer en die hoogste skoolsertifikaat voorlê.

Die studiekursusse is ook op Britse grondslag gebaseer. Die hele kursus sou 'n professionele kursus wees. 'n Derde van die tyd word aan die praktiese onderwysvakke en skooladministrasie bestee.

Die stelsel is in fyn besonderhede uitgewerk en

/die

die Engelse stelsel is stiptelik as model gevolg.
Artikel 11 is ook 'n direkte oorname uit die Britse stelsel en daarin word die studiekursusse vir die Derde-
klassertifikaat breedvoerig omskryf. In artikel 11(f)
lees ons:

"Comparative Study of the System of Public
Education of the Transvaal and Orange River
Colony with those of Cape Colony and Natal
and of one European country."

Sargant het hier seker gemaak dat 'n vergelykende studie van die onderwysstelsels van Natal en die Kaapkolonie, wat op suiwer Britse lees geskoei is, as 'n vereiste gestel word. Toekomstige onderwysers se taak moes wees om rassehaat by die jeug uit te skakel en liefde en agting vir die Britse Ryk en sy imperialistiese doelstellings aan te wakker.

Sargant het verder gesorg dat die organiserende hoof en sy hele personeel, behalwe dr. H. Breyer wat 'n Hollander was, Engelssprekende en Britsopgeleide leerkragte was. Daar kon selfs nie nagelaat word om oor dr. Breyer se agterstand in die bevoegdheid om die Engelse taal te gebruik, in die jaarverslag kommentaar te maak nie. Met hierdie Engelsgeoriënteerde personeel in 'n inrigting wat op suiwer Britse grondslag berus het, is die taak van die opleiding van onderwysers vir Transvaalse skole begin.

Dr. E. Mullin van Kanada is as eerste permanente hoof van die normaalkollege aangestel.

By sy aankoms in Suid-Afrika is hy egter as hoof na die Johannesburgse Normaalkollege gestuur en is J.E. Adamson te Pretoria aangestel. Daar kon nie vasgestel word waarom Sargant hierdie verandering gemaak het nie. Die enigste moontlike uitleg skyn te wees dat Sargant dr. Mullin wat uit Kanada afkomstig was, liever

/aan

aan 'n suiwer Engelse inrigting wou plaas en Adamson wat uit Engeland gestuur is en dus 'n baie lojale Britse onderdaan was, aan die Pretoriase inrigting wou plaas om seker te maak dat die baie Hollandssprekende studente onder sy leiding vir die Britse Ryk gewen kon word.

Sargant se groot plan met die normaalskole was om dit suiwer Engelse inrigtings te maak sodat die toekomstige leiers en opvoeders van die land hier gekweek kon word. Hy is dan ook daarvan oortuig dat

„in the Normal Schools lay the best chance of educating the young teachers to a sense of their national duty and of obliterating race prejudice." 1)

Aan die hoof van die Pretoriase Normaalkollege, J.E. Adamson, het Sargant ook ongetwyfeld sy idee om rassehaat te vermy en in die rigting van Britse eenheid te werk, duidelik gestel, want Adamson merk in sy eerste verslag op dat meer as 95 persent van sy studente Afrikaans is, van wie vyftig persent van Hollandse afkoms is. Die res, behalwe een wat Duits is, is Brits. Die verhouding onder die studente is van die beste en die hoof kon rapporteer:

„No disturbing racial feeling has been evident; on the contrary, all have gained from the contact of various temperaments." 2)

Sargant was baie ingenome met hierdie verskynsel, nie omdat hy hom oor die rasse-samewerking verheug het nie, maar omdat die toekomstige onderwysers in belang van die Britse Ryk moes saamwerk om die eenheid van politieke doelstellings voort te dra:

/"Our

- 1) Schutte : Die Leergang en Leerboek in die Beginsels van Opvoeding vir die Opleiding van Onderwysers in Transvaal : 1838-1942, 67.
- 2) Basson : Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 1836-1907, 302.

"Our school administrators need some opportunity of studying in concert the best means of bringing home the responsibility of Empire to the rising generation. The effect would be felt in the remotest farm or bush school of our daughter States as well as in every board school of our crowded cities at home." 1)

Die Johannesburgse Normaalkollege was 'n suiwer Engelse inrigting op Engelse model ingerig. Die eerste hoof, dr. E. Mullin, het reeds deeglike ondervinding van onderwysersopleiding in Kanada opgedoen waar hy hoof van 'n opleidingskollege was en hy kon dus die onderwysersopleiding in die regte rigting stuur.

Met sy dood is die werksaamhede gestaak en die studente na Pretoria oorgeplaas, waardeur daar 'n groter getal Engelssprekende studente tot die Pretoriase Normaalkollege toegevoeg is en die Britse invloed verder versterk is.

Die opleiding wat gedurende die eerste jare van die bestaan van die normaalkollege plaasgevind het, kon weens die swak toelatingsvereistes van die studente nie veel meer as gewone middelbare onderwys gewees het nie. Die duur van die kursus was so kort dat daar nie veel tyd en aandag aan professionele opleiding gegee kon word nie.

In die verskillende sertifikate wat uitgereik sou word, merk ons die volgende op: om vir die O3 in aanmerking te kom, moes studente by die normaalkollege ingeskryf wees of onderwysers met een jaar diens en in besit van 'n lisensie wees. Vir O2 is vier jaar ondervinding vereis, registrasie aan die normaalkollege vir een jaar, die Intermediêre sertifikaat of 'n B.A.-graad en 'n halfjaar aan die normaalkollege ingeskryf. Vir die O1 kon hoofde van skole en onderwysers aan middelbare

/skole

1) Transvaal and O.R.C. Public Education. Report of the Director of Education. Nov., 1900 to Febr., 1904, 28-29.

skole met ses jaar ondervinding in aanmerking kom.

Onderwysers wat 'n O2 besit het, kon 'n tesis inhandig en 'n eenjarige oorsese reis onderneem om die O1-sertifikaat te verkry.

Die sertifisering en opleiding van onderwysers het van nou af weer baie aandag geniet. Ordonnansie No. 7 van 1903, art. 3, het bepaal dat na 1 Januarie 1904, alle onderwysers op goewernementskole in besit van 'n sertifikaat of lisensie moes wees. Lisensies sou deur die Direkteur van Onderwys uitgereik word nadat die onderwysers met die Departement van Onderwys 'n ooreen-¹⁾koms gesluit het.

In 1903 het daar 71 studente die O3-sertifikaat ontvang. Van hierdie getal was daar slegs 12 studente wat die matrikulasie-eksamen afgelê het. Van hulle opleiding getuig Sargant die volgende:

„of their purely professional work it is impossible to speak with any degree of finality. They take an intelligent interest in the philosophical basis of teaching and education, and on the practical side show considerable resource and adaptability. Many of them have had no previous experience of teaching, and so far this does not seem to have been serious disadvantage." 2)

In Januarie 1903 het die hoofde van die vier Provinsiale Onderwysdepartemente 'n konferensie gehou en is besluit:

- i) om 'n eenvormige stelsel vir die opleiding en sertifisering te aanvaar;
- ii) dat opleiding vir 'n genoegsame aantal onderwysers vir skole in Suid-Afrika van die grootste belang is;
- iii) om voordeel te trek uit die skema vir registrasie van onderwysers wat in Engeland in gebruik is. 3)

/Hier

- 1) Schutte : Die Leergang en die Leerboek in die Beginsels van die Opvoeding vir die Opleiding van Onderwysers in Transvaal, 69.
- 2) Transvaal and O.R.C. Public Education, Report of the Director of Education. November, 1900 - February, 1904, 139.
- 3) Ibid., Aanhangsel by die Rapport, 180.

Hier is die Engelse stelsel weer as voorbeeld gebruik en is daar 'n besluit geneem om in dieselfde rigting te werk.

Van besondere belang is die vordering wat in hierdie beginjare gemaak is en die doelbewuste poging om nie alleen onderwysersopleiding op Britse model te plaas nie, maar ook die hele anglisasiebeleid wat in elke aspek van die onderwys en opvoeding sterk na vore kom.

By die afsluitingsfunksie van die normaalkollege op 15 Desember 1904 het die Luitenant-Goewerneur van Transvaal, sir Richard Solomon, 'n betekenisvolle toespraak gehou. Sy standpunt in verband met die beleid het hy as volg vertolk:

„I am addressing men and women of both nationalities, and I maintain that the greatest work to be done in this country is the work of reconciliation, of reconciling those two great races to one another, to make them one people. Every man and woman in this country can contribute to this end, but those engaged in the training of the youth of this country have special opportunities of taking part in this great work. Don't attempt to Anglicize the Dutch children, nor attempt, if I may use the expression, to Dutchify the English children, because such attempts will fail. Each nationality has its own history, language and religion. Do not interfere with them. Teach them to unite for the best government of South Africa, teach them to become one people, devoted to all that is best for the interest of the country we belong to. Let them keep their characteristics, and be as distinct as the waves, yet one as the sea, distinct as the branches, yet one as the tree. I wish you very success in the profession you have adopted." 1)

In 'n kragtige rede het hy sy beleid van vereniging om 'n nuwe koers in Transvaal aan te dui, bepleit. Die beleid van verengelsing het hy afgekeur. Hy het 'n kompromiebeleid voorgestaan waar elkeen van die twee bevolkingsgroepe moes vergeet en saamstaan om 'n nuwe Suid-Afrika te bou.

/Die

1) The Pretoria News, 15 November 1904.

4. DIE C.N.O.-SKOLE EN ONDERWYSERS.

Kragtens Proklamasie No. 9 van 1902 is alle skoolkommissies wat onder die Mansveltwet bestaan het, afgeskaf, en alle skoolleidendom onder die nuwe Direkteur van Onderwys geplaas. Hiervolgens sou die Boerevolk geen seggenskap oor die opvoeding van hulle kinders hê nie. Hierdie anglisasiebeleid in die algemeen, en in besonder die uitskakeling van die Hollandse taal uit die onderwys en die afskaffing van plaaslike beheer, het as gevolg gehad dat die C.N.O.-skole as teenwig in werking gestel is.¹⁾

Hierdie C.N.O.-beweging het reeds tydens die oorlog in Pretoria ontstaan.. Sommige van die Hollandse onderwysers het na die uitbreek van die oorlog in Pretoria agtergebly en met hulle onderwyswerk aangegaan. Nadat die staat sy finansiële verpligtings nie meer kon nakom nie, het 'n groepie van hierdie onderwysers hulle in 'n kommissie saangestel en die naam Vriendenkring daaraan gegee. Die doel van die kommissie was om inligting omtrent die omstandighede waarin die Hollandse onderwysers verkeer het, te verskaf en om waar moontlik hulp te verleen. Die heer H.J. Emous, wat vroeër baie Hollandse onderwysers na Transvaal gestuur het, se hulp is aangevra. Hy het 'n beroep op sy landgenote gedoen om hulp te verleen. Die bydraes uit Holland is aanvanklik deur die Vriendenkring bedoel en ook bestee om hulpbehoewende Hollandse onderwysers se nood te help lenig. Die doelstelling is later verruim en daar is 'n begin gemaak met 'n stelsel van skole wat rekening hou met die godsdienst, taal en geskiedenis van die Hollandse Afrikaners - d.w.s.

/'n stelsel

1) Basson : Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 1836 - 1907, 356-357.

'n stelsel van Christelike Nasionale skole.¹⁾

Sargant het hom nie baie oor die ontstaan van die C.N.O.-skole ontstel nie. Hieroor druk hy hom as volg uit:

„In the Transvaal the rapid progress which had already been made by the Education Department in regard to the opening of country and town schools led, by an almost necessary reaction, to the foundation of a class of schools called Christian and National, which were designed to preserve the chief features of the Government schools before the war.....It was natural that the Dutch Reformed Church should lead this movement in both Colonies. Before condemning any minister of the Dutch Reformed Church for telling his congregation to send their children, not to the Government school, but to its rival, we should remember that it is only taking action similar to that of many a clergyman of the Church of England." 2)

Dit wil voorkom of Sargant die filosofie van die luitenant-goewerneur van Transvaal, nl. 'n verenigde Suid-Afrika met 'n homogene Suid-Afrikaanse bevolking, ook begin aanvaar het, maar hy glo dat dit moeilik sal gaan om hierdie doel te bereik. Beide bevolkingsgroepe het aan hulle eie vasgekleef en

„they (Afrikaners) fear the obliteration of all that is best in Africander tradition, just as the British dread the loss of that which is distinctly English." 3)

Sargant het die C.N.O.-skole toegelaat om in hierdie gees voort te gaan en van regeringsweë het daar geen finansiële of ander ondersteuning gekom nie.

Een van die grootste moeilikhede waarmee die C.N.O.-skole te kampe gehad het, was die voorsiening van behoorlik gekwalifiseerde onderwysers. 'n Groot aantal onderwysers het die saak getrou gebly en hulle nie laat weglei

/deur

1) Basson : Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 1836 - 1907, 361.

2) Transvaal and O.R.C.Public Education. Report of Director of Education, 1900 to Febr.,1904, 52-53.

3) Ibid., 54.

deur groter salarisse en beter diensvoorwaardes wat hulle deur die Engelse skole aangebied is nie. Sommiges was beginselvas en het die saak getrou gedien, maar was onbevoeg om die werk te doen. Om hierdie rede is 'n Raad van Eksaminatore aangestel om die vereistes in verband met die O3-eksamen vas te stel. Hierdie sertifikate is later deur die Onderwysdepartement erken. Om eenvormigheid in die verskillende skole te verkry, is 'n leerplan¹⁾ opgestel.

5. VERDERE ONTWIKKELING ONDER DIREKTEUR J.E. ADAMSON.

In 1905 het die heer John E. Adamson Direkteur van Onderwys in Transvaal geword. Sy regime kenmerk 'n buitengewone periode van bloei en vooruitgang van die onderwys; veral het die opleiding van onderwysers baie vordering getoon. Adamson het besef dat die hoeksteen van enige gesonde onderwysstelsel sy onderwyspersoneel²⁾ is.

Direkteur Adamson was 'n sterk voorstander van die normaalopleidingstelsel en was oortuig daarvan dat die werk in sulke inrigtings uitsluitlik professioneel moes wees. Hy het sy toelatingsvereiste op matrikulasiepeil gestel en was 'n ywerige medewerker in diens van die Britse lojaliteit.

In Maart 1906 is Regulations for Issuing Teachers' certificates deur die Onderwysdepartement gepubliseer. Volgens die regulasies kon 'n O3-sertifikaat aan 'n onderwyser toegeken word indien hy 'n minimum ervaring van twee jaar in 'n goewernementskool of ander erkende skool gehad het en die kwalifiserende eksamen geslaag of gelyk-

/staande

1) V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, 154.

2) Kellerman : Die Geskiedenis van die Opleiding van Blanke Onderwysers in Suid-Afrika, 278.

staande kwalifikasie besit het. In die geval van studente wat 'n jaar aan 'n normaalkollege studeer het, is die twee jaar na een jaar verminder.

Die Direkteur het ook die reg besit om aan 'n onderwyser wat vyf jaar diens gehad het en wie se persoonlike en professionele kwalifikasies bevredigend was, 'n O3-sertifikaat toe te ken. Met so 'n sertifikaat kon die onderwyser in enige goewernementskool wat laer as die 3de graad is, onderwys gee.

Die vereiste wat aan kandidate vir die O2-sertifikaat gestel is, was die volgende:

- i) Hulle moes twee jaar ervaring in 'n goewernementskool opgedoen het;
- ii) die Intermediêre eksamen van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop met goeie gevolg afgelê het;
- iii) die O2-eksamen geslaag het;

of

- i) twee jaar ondervinding in 'n regering- of ander erkende skool opgedoen het;
- ii) in besit van 'n B.A.-of gelykstaande graad van 'n universiteit wees;
- iii) 'n geregistreerde student van 'n normaal-kollege en O2-kursus bevredigend voltooi het;
- iv) die O2-eksamens of gelykstaande eksamen geslaag het.

Die vereistes vir die O1-sertifikaat was as volg:

Aan hoofonderwysers en onderwysers in middelbare skole wat ses jaar ervaring opgedoen het, kon 'n eerste-klassertifikaat uitgereik word, na indiening van 'n verhandeling oor 'n professionele onderwerp en nadat 'n oorsese reis van een jaar onderneem is met die oog op verdere studie in verband met die onderwerp van die verhandeling. 'n Verslag oor die reis moes ook aan die Direkteur van Onderwys voorgelê word.

Die Direkteur het met hierdie regulasies 'n poging

/aangewend ...

aangewend om die persentasie gesertifiseerde onderwysers te verhoog, en deur die indirekte verpligting om hulle in 'n inrigting te laat oplei die statusverhoging van onderwysers te bewerkstellig. Die oorsese studiereis is niks anders as 'n nagraadse studiekursus in die Opvoedkunde nie omdat hier nog nie sulke gevorderde opleidings-fasiliteite was nie.¹⁾

Adamson se regulasies en sy fasiliteite kon egter nie so gou in al die behoeftes voorsien nie. Hy was genoodsaak om 'n stelsel van gelisensieerde assistente in die lewe te roep, wat eintlik 'n bedekte kwekelingstelsel was. Daar is besluit dat 'n kandidaat wat oor 17 jaar oud is vir toelating tot die normaalkollege van die Direkteur van Onderwys 'n lisensie kon kry om aan 'n sekere skool vir een jaar onderwys te gee op voorwaarde

- i) dat so 'n kandidaat deur die inspekteur van onderwys aanbeveel word en
- ii) die hoof van die skool bevoeg is om toesig oor die werk van so 'n assistent uit te oefen en hom vir die normaalkollege voor te berei. 2)

Die voordeel van hierdie stelsel bo die kwekelingstelsel was dat die kwekeling in aanraking kom met probleme wat later in die normaalkollege opgelos kon word. Die kwekeling se bevoegdheid om vir die onderwysprofessie voorberei te word, kon ook vooraf vasgestel word.

6. DIE SMUTSWET VAN 1907 EN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS.

Volgens hierdie wet het die C.N.O.-skole opgehou om te bestaan en is hulle by die regeringstelsel ingelyf.

/Alle

- 1) Aan hierdie oorsese studiereis was daar baie glorie en eer verbonde en aan diegene wat hierdie voorreg te beurt geval het, is hoë betrekkings aangebied.
- 2) Schutte : Die Leergang en die Leerboek in die Beginsels van Opvoeding vir die Opleiding van Onderwysers in Transvaal, 75-76.

Alle onderwysers moes sertifikate of lisensies besit wat deur die Departement uitgereik word om hulle te magtig om onderwys te gee.¹⁾

Hierdie wet het beter diensvoorwaardes vir onderwysers in die lewe geroep. Die kwalifikasies vir die verskillende poste is vasgestel en daar is aan diens in Transvaal voorkeur gegee.

'n Prospektus is deur die Pretoriase Normaalkollege uitgegee en die opleiding van onderwysers pertinent onder die aandag van die publiek gebring. Applikante moes deur inspekteurs van onderwys aansoek doen om toelating. Beurse en reiskonsessies is aan studente toegestaan. 'n Toelatingseksamen in Engels, Opstel, Aardrykskunde, Hollandse vertaling, Diktee en Wiskunde moes afgelê word. Kandidate wat in besit van die laersertifikaat van 'n middelbare skool of gelykstaande eksamen was, is van die toelatingseksamen vrygestel.

Aan die hoërskole is 'n aantal studiebeurse toegeken, omdat daar besef is dat dit beter sou wees as die leerlinge aan hulle eie hoërskool vir toelating kwalifiseer. Dit is dus vir studente makliker gemaak om die opleiding te ontvang deur geldelike steun toe te ken en die toelatingskwalifikasie te verlaag. As teeneis is egter gestel dat studente, nadat hulle die kollege verlaat het, eers vir een jaar ondervinding opdoen voordat 'n sertifikaat aan hulle uitgereik word.

In 1908 het die Direkteur van Onderwys die hoop uitgespreek dat die Normaalkollege van Pretoria met die Transvaalse Universiteitskollege wat in 1906 tot stand gekom het, sou saam werk om onderwysers op te lei. So 'n

/opleiding

1) Wetten van de Transvaal, Art. 75233.
Kyk ook : Snyman : 'n Histories-Kritiese Studie
Van Die Smuts-Onderwyswet van 1907, 232.

opleiding sou die standaard van die onderwysende personeel verhoog. Aan die universiteit kon die B.A.-graad afgelê word en aan die normaalkollege die professionele vorming plaasvind.¹⁾

In 1909 is twee nuwe normaalkolleges te Johannesburg en Heidelberg geopen en is daar met onderwysersopleiding begin. Hersiene bepalinge vir die opleiding van onderwysers is op 6 April 1909 gepubliseer. Voorsiening is vir die volgende kursusse gemaak:-

- i) 'n Algemene voorbereidende kursus vir die O3-sertifikaat;
- ii) 'n algemene kursus vir die O3-sertifikaat;
- iii) 'n kursus vir die O2-sertifikaat;
- iv) 'n professionele kursus vir die O2-sertifikaat;
- v) voorsiening vir die O1-sertifikaat.

Vir kursus (i) moes kandidate die st. VII van die laerskool en vir kursus (ii) die Skooleindsertifikaat van Transvaal afgelê het. Diensdoende onderwysers is ook in die geleentheid gestel om hulle kwalifikasies te verbeter.

Aan kwekelinge is lisensies verskaf om by skole diens te doen terwyl hulle leer. Hulle moes net vir 'n halfdag onderwys gee en die hoof van die skool moes oor hulle werk toesig uitoefen. Hierna moes die kwekeling na die normaalkollege gaan om sy opleiding te voltooi.

Hierdie stelsel is 'n direkte oorname van die Skotse stelsel waar kandidate voor toelating aan 'n opleidingsentrum toegelaat word om vir 'n periode van een jaar voorlopige onderwys te gee.

Daar is verder bepaal dat die Direkteur van Onderwys aan 'n persoon wat ouer as 18 jaar is, 'n voorlopige

/lisensie

1) T.P.5 - 1909. Verslag van die Departement van Onderwys, 1907, 8.

lisensie kon uitreik op voorwaarde dat hy binne 'n redelike tydperk die kwalifikasie verwerf en mits hy vir die onderwysberoep geskik geag word. 'n Persoon wat vyf jaar ondervinding gehad het, een daarvan in diens van die Onderwysdepartement, kon 'n O3-sertifikaat ontvang.¹⁾

Indien 'n onderwyser 'n kwalifiserende eksamen afgelê het, kon aan hom 'n O3-sertifikaat uitgereik word indien hy twee jaar ervaring opgedoen het. Indien 'n opleidingskool vir een jaar besoek is, kon die tydperk na ses maande verminder word. Hierdie regulasie was ook van toepassing op die O2-sertifikaat. Om 'n O1-sertifikaat te verkry, is 'n kwalifiserende eksamen en vyf jaar diens as 'n vereiste gestel.

7. SAMEVATTING:

Na die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog is duisende vrouens en kinders in konsentrasiekampe geplaas. Aan hierdie kinders moes onderwys gegee word. E.B. Sargant, 'n lid van die Britse Staatsdienskommissie wat met 'n rondreis deur die Britse kolonies om onderwysaangeleenthede te ondersoek, besig was, is in hierdie betrekking aangestel.

Dit het moeilik gegaan om die onderwys in die kampe vlot te laat verloop weens die tekort aan onderwysers. Die Hollandse onderwysers wat beskikbaar was, is gewantou en daar moes van baie ongekwalfiseerde en onopgeleide leerkragte gebruik gemaak word.

Sargant het 'n oplossing in die invoering van Engelse leerkragte probeer vind. Hy het die Engelse owerhede versoek om 'n honderdtal onderwyseresse en 'n aantal skoolhoofde uit te stuur. Deur hierdie beleid kon hy

/ook

1) Dit het net betrekking op onderwysers wat voor 31/12/1908 in diens van die Departement was.

ook gelyktydig 'n ander belangriker doel verwesenlik, nl. om te sorg dat die verowerde gebied verengels word deur die onderwys en opvoeding op die Britse model in te rig.

Die reaksie was gunstig en 'n hele aantal onderwyseresse en 'n paar skoolhoofde het op hierdie manier na die Transvaal gekom. Sargant het sy anglisasiebeleid nog verder deurgevoer en by die Dominions aansoek gedoen om hulp. Ook hierdie oproep het as gevolg gehad dat 'n aansienlike aantal onderwysers van Kanada, Australië en Nieu-Seeland na die Transvaal gekom het en die Engelse invloed in die onderwys nog verder versterk het.

Sargant was nie ten gunste van 'n kwekelingstelsel om genoeg onderwysers vir die Transvaalse skole op te lei nie. Hy het 'n opleidingstelsel in 'n normaalkollege voorgestaan.

Na die Vrede van Vereeniging het die kampskole geleidelik ontbind en het die kinders weer na die plase teruggekeer. Daar moes nog steeds van ingevoerde leerkragte gebruik gemaak word, maar die behoefte om eie leerkragte op te lei, het nog groter geword.

Op 10 Julie 1902 is die oprigting van 'n normaalskool te Pretoria goedgekeur en H.S. Scott het opdrag ontvang om met die organisasie vir opleiding te begin. 'n Stuk grond is in Sunnyside vir hierdie doel aangekoop.

Op 13 Augustus 1902 is Goewernementskennisgewing No. 396 gepubliseer. Dit handel oor die opleiding van onderwysers en onderwyseresse en vorm die basis vir toekomstige opleiding.

By die deurlaes van die eerste 11 artikels is dit baie duidelik dat die opleiding in Transvaal heeltemal op Britse model ingerig is.

/In

In November 1902 is die heer J.E. Adamson as permanente hoof van die Pretoriase Normaalkollege aangestel en het daar 'n periode van bloei gevolg. Hy het sy opleiding en ondervinding in Engeland en Wallis opgedoen en het baie daartoe bygedra om die opleiding van onderwysers volgens die Britse stelsel in te rig.

Op 15 Oktober 1902 is daar onder die prinsipaalskap van Dr. E. Mullin 'n normaalkollege in Johannesburg geopen. Hy was voorheen hoof van 'n opleidingskollege in Nieu-Brunswyk, Kanada, en het hierdie inrigting in Johannesburg ook op die Britse stelsel ingerig. Op 12 Februarie 1903 het hy aan ingewandskoors beswyk en die studente is 'n rukkie later na Pretoria oorgeplaas. Eers in 1909 kon 'n nuwe inrigting in Johannesburg die werksaamhede oorneem en verder voortsit en is daar in dieselfde jaar 'n derde normaalkollege in Heidelberg geopen.

As 'n teenwig teen die Engelse invloed is C.N.O.-skole in die lewe geroep. Die probleem van die verskaffing van genoegsame onderwysers wat vir hulle taak opgewasse is, is gou gevoel. 'n Raad van Eksaminatore is aangestel om die vereistes vir die O3-sertifikaat vas te stel. Eenvormige leerplanne is ook opgestel. Die sertifikate is later deur die Departement van Onderwys erken.

In 1905 het J.E. Adamson Direkteur van Onderwys geword en onder sy regime het die opleiding van onderwysers vinnig vordering gemaak. In Maart 1906 is Regulations for Issuing Teachers' Certificates deur die Onderwysdepartement gepubliseer. Hierdie regulasies het die vereistes vir die opleiding en sertifisering van onderwysers duidelik omskryf.

In 1907 het die Smuts-Onderwyswet bepaal dat die Departement van Onderwys beheer uitoefen oor onderwysers van openbare laerskole, ondersteunde laerskole, laerskole

/met

met middelbare afdelings, hoërskole en onderwyserskolleges. Alle onderwysers moes sertifikate of lisensies besit wat hulle magtig om onderwys te gee. Die Departement van Onderwys sou vir die uitreiking daarvan verantwoordelik wees.

In 1909 is twee nuwe opleidingskolleges te Johannesburg en Heidelberg geopen. Op 6 April 1909 is hersiene regulasies vir die opleiding van onderwysers gepubliseer. Dit het voorsiening gemaak vir 'n algemene voorbereidende kursus vir die O3-sertifikaat, 'n kursus vir die O2-sertifikaat en 'n kursus vir die O1-sertifikaat.